

© Beate Frenzel, Gülşah Mavruk (2018)

## **Riglyne vir die aanvanklike onderhoud met pas geïmmigreerde leerlinge**

### **Verduideliking van die vraelys**

**(Afrikaans – Übersetzung durch externen Anbieter)**

Die huidige vraelys is bedoel as besprekingsriglyn. Dit gee basiese inligting vir die uitwisseling van inligting tussen onderwysers wat toelatingsonderhoude met pas geïmmigreerde kinders en jongmense voer (voordat hulle in Duitsland begin skoolgaan).

Let op dat dit by sodanige toelatingsonderhoude slegs as eerste oriëntering of leergroepoewysing dien en dat nie alle vrae wat vir skoolorganisasie van belang is, onmiddellik uitgeklaar kan word nie. Vrae wat aanvanklik nie beantwoord kan word nie, sluit gewoonlik onderwerpe in soos hul familie, die vlug, en hul verblyfstatus, want dit kan lei tot onaangename herinneringe vir getraumatiseerde leerlinge. Daarbenewens moet finansieringskwessies met betrekking tot die toewysing van subsidie-ure of aansoeke vir BuT-maatreëls (d.w.s. finansiële maatreëls vir onderwys en deelname aan die JobCenter) ook slegs ter sprake kom in dien daar reeds 'n vertrouensverhouding tussen onderwysers, leerlinge, ouers, voogde of versorgers asook skool- maatskaplike werkers gevestig is.

Die individuele afdelings van die vraelys moet geformuleer en aangepas word na gelang van die ouderdom en taalvaardighede van die leerlinge (oftewel toekomstige leerlinge). Nie elke vraag is vir elke kind of jongmens geskik nie. Die onderwysers (oftewel gasheeronderwysers) moet hieroor besluit.

Die vraelys volg die kernidee van hulpbronoriëntering. Gevolglik moet alle taalkundige hulpbronne van die leerlinge gedokumenteer word. In afdeling III (taalpraktyk in die land van herkoms) moet die domeinspesifieke taalgebruik ondersoek word. Alle subvaardighede (praat, lees, skryf, luister) kan in ag geneem word.

Benewens die vraelys word daar ook navraag gedoen oor alle skool- en beroepservarings asook belangstellings en talente van die pas geïmmigreerde kinders en jongmense in verskillende tale van herkoms. Dit maak dit moontlik om leergroepe toe te wys wat nie net op die huidige vlak van taalvaardigheid gebaseer is nie, maar ook op motivering en potensiaal.

Enige bestaande sertifikate uit die lande van herkoms kan deur die distriksregering van Keulen ondersoek word vir die moontlike erkenning as 'n basiese skoolverlatingssertifikaat of tot 'n intermedieëre skoolverlatingssertifikaat.

([http://www.bezreg-koeln.nrw.de/brk\\_internet/leistungen/abteilung04/48/erkennung/auslaendische\\_schulzeugnisse/index.html](http://www.bezreg-koeln.nrw.de/brk_internet/leistungen/abteilung04/48/erkennung/auslaendische_schulzeugnisse/index.html))

In teenstelling hiermee is die distriksregering van Düsseldorf verantwoordelik vir die erkenning van algemene universiteitstoelatingskwalifikasies.

([http://www.brd.nrw.de/schule/schulrecht\\_schulverwaltung/Zeugnisanerkennung.html](http://www.brd.nrw.de/schule/schulrecht_schulverwaltung/Zeugnisanerkennung.html))

Daar is 'n geannoteerde lys literatuur met handboeke en aanvullende materiaal vir lesse aan pas geïmmigreerde leerlinge op die ProDaZ-webwerf te <https://www.uni-due.de/prodaz/>.